**Skriflesing:** 1 Konings 19: 1 -21
Teks: **1 Konings 19:15 – 18**
**Sing: VOORAF SANG- Ps. 138:1, 4**
**TYDENS EREDIENS- Ps. 46:1,6; Ps. 86:3,6; Ps. 42:5,6; Ps. 89:1,7**
**1 Konings 19**

1Ki 19:1 Agab het vir Isebel vertel wat Elia alles gedoen het, ook dat hy al die profete om die lewe gebring het.
1Ki 19:2 Toe het Isebel 'n boodskapper na Elia toe gestuur om vir hom te sê: "Mag die gode my om die lewe bring as ek nie môre teen hierdie tyd met jou gemaak het soos jy met die profete nie."
1Ki 19:3 Elia het bang geword en ter wille van sy lewe gevlug. Toe hy by Berseba in Juda kom, het hy sy slaaf daar agtergelaat.
1Ki 19:4 Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: "Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie."
1Ki 19:5 Toe gaan hy lê en hy het daar onder die besembos aan die slaap geraak. Toe hy hom weer kom kry, skud 'n engel aan hom en sê: "Word wakker! Eet!"
1Ki 19:6 Toe hy opkyk, sien hy by sy kop roosterkoek wat op warm klippe gebak is, en 'n kruik water. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê.
1Ki 19:7 Die engel het 'n tweede keer aan hom geskud en gesê: "Word wakker! Eet! Anders sal die pad vir jou te lank word."
1Ki 19:8 Toe staan hy op en hy eet, en deur die krag van die kos kon hy veertig dae en veertig nagte lank loop tot by Horeb, die berg van God.
1Ki 19:9 Hy het in 'n grot ingegaan en die nag daar deurgebring. Toe het die woord van die Here tot hom gekom en vir hom gesê: "Wat maak jy hier, Elia?"
1Ki 19:10 Hy antwoord toe: "Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring."
1Ki 19:11 Maar die Here sê vir hom: "Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan." Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie.
1Ki 19:12 Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte.
1Ki 19:13 Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan. Toe hoor hy 'n stem wat vir hom sê: "Wat maak jy hier, Elia?"
1Ki 19:14 Hy het geantwoord: "Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring."
1Ki 19:15 Maar die Here sê vir hom: "Draai in jou spore om na die Damaskuswoestyn toe, en as jy daar aangekom het, moet jy vir Gasael salf tot koning van Aram.
1Ki 19:16 Jy moet ook vir Jehu seun van Nimsi salf tot koning van Israel, en vir Elisa seun van Safat uit Abel-Megola moet jy salf tot profeet om jou op te volg.
1Ki 19:17 Dan sal dit só wees: wie Gasael se swaard vryspring, Jehu sal hom doodmaak; wie Jehu se swaard vryspring, Elisa sal hom doodmaak.
1Ki 19:18 Maar Ek sal in Israel die sewe duisend laat oorbly wat nie die Baälbeeld aanbid het nie."
1Ki 19:19 Nadat hy daarvandaan af weggegaan het, kry hy vir Elisa seun van Safat besig om te ploeg met twaalf spanne van twee, terwyl hy self by die agterste span geloop het. Toe Elia by hom verbyloop, gooi Elia sy mantel op hom.
1Ki 19:20 Hy het sy osse net so gelos en agter Elia aangehardloop en gesê: "Laat ek tog net my pa en ma gaan groet. Dan sal ek saam met u gaan." Elia antwoord hom toe: "Gaan as jy wil. Ek hou jou mos nie terug nie."
1Ki 19:21 Toe draai Elisa om en gaan slag twee osse, en met die juk het hy die vleis gebraai en vir sy werksmense gegee om te eet. Daarna het hy saam met Elia gegaan en sy volgeling geword.

**<u>Skriflesing:</u>** 1 Konings 19: 1 -21
Teks: **1 Konings 19:15 – 18**
**Sing: VOORAF SANG- Ps. 138:1, 4**
**TYDENS EREDIENS- Ps. 46:1,6; Ps. 86:3,6; Ps. 42:5,6; Ps. 89:1,7**

Hoe relevant is ons as Kerk vandag nog in die wêreld?! Broeder en suster, dit is ’n vraag wat die laaste tyd al hoe ernstiger gevra word. In hierdie week na die tyd wat ons Paasfees gevier het, het Lourensa Eckard met die program op KykNET getiteld *In Gesprek* ’n insetsel en bespreking gehad met hierdie vraag direk in die brandpunt. Het die Kerk nie sy relevansie verloor nie? Het die Kerk nie opgehou om die stem in die wêreld te wees wat soos in die vorige eeu dikwels gebeur het as sekere teoloë ’n kritiese stem na die regering en die samelewing laat uitgaan het, dan is daar duidelik daarop ag geslaan?

Teoloë waarmee ons nie noodwendig altyd in alles mee sal saamstem nie, hoegenaamd nie, maar as hierdie mense vanuit hulle kerklike geledere gepraat het, dan was daar baie daaroor gepraat, geskryf, gewonder. Baie is daaroor geworstel. Die Kerk het krities en op die man af gepraat. Dink maar aan mense soos drr. Beyers Naude, Frank Chikane, Alan Boesak, prof. Johan Heyns, biskop Desmond Tutu, ja ons sal nog heelwat name kan byvoeg, ook dr. Willie Jonker. Nog weer vóór hulle dr. Koot Vorster, broer van destydse eerste minister John Vorster, Die meeste van die aangehaalde teoloë het baie kritiese stemme teen die destydse regering met die beleid van apartheid laat hoor. Koot Vorster en andere wat weer op allerlei maniere teologiese regverdiging wou bied vir die beleid wat as apartheid gestalte aangeneem het.

Die kerk was daar en is gehoor. Reg of verkeerd! Hulle het die regering van die dag direk aangespreek en die regering het dit nie net kon ignoreer nie. Die kerk was werklik ’n duidelike hoorbare en kritiese stem in die samelewing van destyds. Die staat het die kerk op ’n manier as vennoot hanteer, wat natuurlik weer ’n moeilike saak op sy eie is. Tog was daar staatkundig en kerklik baie noue skakeling gewes.

***

Dit wil tog al meer voorkom of die Kerk nie meer daardie stem is nie. Die skuld kan seker op baie kante lê. Dalk het die regering en die staat van ons tyd so vervalle en korrup geraak dat kerklike leiers eenvoudig doodgeswyg word. As hulle iets probeer sê dan word dit weggelag en gemaak asof die kerk eintlik maar so ’n uitgediende instelling en struktuur is asof dit eintlik nie eers meer moet bestaan nie.

Aan die ander kant is kerke so vinnig besig om al meer leeg te loop. So baie kerke is eintlik met hulle eie stryd om oorlewing besig dat om nog werklik die profetiese kritiese stem in die wêreld en vir die regering te wees gebeur eenvoudig nie. Of gebeur op so ’n soetsappige manier van jammer ek lewe nog of so baie pastore en kamtige kerkleiers kom met die belaglikste en vreemdste idees na vore dat hulle in naam van hulle kerk eintlik met reg ’n aanstoot is. Hierdie belaglikhede wat in die naam van kerk-wees gepleeg word maak dat die wêreld die kerk regtig as irrelevant en belaglik kan afmaak. Tog is die pastore met hulle belaglikhede eintlik net ’n geldmaak besigheid en moet nie dink dat hulle nie daarin slaag nie. Die sg magte en kragte wat die pastoor of wie ook al dan rondom sy persoon en kamtige kerk versamel kry bring hom nie duisende maar miljoene rande in die sak. Dis so tragies hoe dinge kerklik verword het!

***

En kry ek ook die idee dat andere sien weer eintlik die kerk as ’n afdeling of iets van ’n departement van maatskaplike dienste wat die armoede en werkloosheid en al die tragiese gevolge rondom armoede en die verskriklike ellende in die wêreld moet aanpak en help verlig of help oplos. Dit is die ruimte waarbinne die kerk vir hulle nog ’n taak en doel het, maar die werklike roeping van die Kerk nl. om God se Woord, God se stem, God se bevele in hierdie wêreld duidelik te laat hoor, val nie maklik op die moderne oor nie. As daar gesê word God praat met jou en Hy praat reguit, want die Here, Hy is God, jy moet eenvoudig net luister. Mense wil nie mee so gepraat word nie, want ek wil my nie bekeer nie, daarom sal ek ook nie wil luister nie. Ek sal nie toelaat dat daar so met my gepraat word nie.

’n Afvalligheid, ’n deformasie, ja in baie opsigte ’n kerklike ineenstorting van wat die ware kerk in ons tyd bedoel is om te wees. Mense woon eenvoudig al minder eredienste by al wil ons werklik kerk-wees, ook ooreenkomstig ons belydenis en belydenisskrifte en kerkorde. Kerke pas al minder die kerklike tug toe, want dan gaan ons nog meer mense verloor. M.a.w. die skuld vir van die grootste kerklike verval wat daar seker nog nooit so erg in Suid-Afrika was, soos tans die geval is nie, is ook direk in eie geledere waarom die kerk nie meer die stem is wat ons bedoel is om te wees nie.

Daarom met wat ons so pas onsself duidelik wou maak laat God se Woord vir ons die duidelikste uitstaan, juis op ’n tyd toe God se dienaar, ja toe die profeet Elia ook baie moedeloos was. In die eerste plek kyk ons na hoe relevant was die Kerk in Elia se tyd. In die tweede plek- Tweedens watter gevolge is daar as daar na ’n relevante kerk gekyk word. In

die laaste plek besef alleen deur God se trou en beloftes sal die kerk op alle terreine altyd relevant wees en bly. Eerste dan-

***<u>Hoe relevant was die Kerk in Elia se tyd?</u>***

In die vorige hoofstukke het daar ingrypende dinge gebeur. Elia het gebid vir ’n verskriklike droogte en hoe verskriklik was dié droogte nie?! Elia het gevra vir die droogte omdat sy land en sy volk so afvallig geraak het. Koning Agab en sy nog meer goddelose vrou Isebel het die volk tot al meer afgodediens verlei. Die Baäls en Baäl aanbidding het ’n verskriklik alledaagse geword. Goddeloosheid was iets alledaags, daarom straf God sy volk. God luister na die ware kerk se roerende pleit dat God sy eie eer tog moet herstel. Deur Elia doen God dit. Hy straf sy volk deur ’n al hoe erger droogte maar vir Elia, die verteenwoordiger van sy Kerk word daar op wonderbaarlike wyse gesorg. Die kraaie wat by ’n spruit vir hom kos (brood en vis) kom aflewer totdat hierdie spruit opgedroog het. Daarna laat God vir Elia buite sy land in die dorpie Sarfat aan huis van ’n weduwee tuis gaan. Daar in Sarfat waar die meel en die olie nie opgeraak het terwyl Elia by die weduwee en haar seun was nie.

As Elia as deel van die Kerk van daardie tyd vir langer as 3 jaar wegkruip dan mag dit dalk lyk hoe irrelevant het Elia nie geword nie. Buite sy land in ’n weggesteekte huis waar net ’n arme vrou en haar seun dag na dag die wonder beleef van ons kos raak nie op nie. Die vrou wat ook die wonder intens kon inleef toe my kind gesterwe het toe het hierdie man van God uitkoms gegee. God het aan my kind ook weer die liggaamlike lewe teruggegee.

***

Maar dis alles weggesteekte gebeure. Dis baie relevant vir die mense wat dit direk raak maar niemand anders buite hulle kring weet eintlik regtig van die wonders aan huis van die eenvoudige vrou nie. In Israel weet niemand daarvan nie. Die weggesteekte huis word iets van ’n simbool van die onsigbare (die onoorsigbare) kerk. Elia bly glo maar hy glo hy is alleen. Hy weet nie mooi wat buite hom in wat die kerk werklik sigbaar moet maak, aan die gang is nie. Die vraag na die relevante kerk raak krities as die kerk so weggesteek raak en selfs eintlik moet wegkruip. So kruip Elia vir langer as 3 jaar weg.

Dan kom die geweldige gebeure op Karmelberg. Baie sigbaar wat daar gebeur. 450 Baäl profete en 400 profete van Asjera kom bymekaar. Aan hulle word ’n uitdaging gestel. Laat julle gode julle offer aan die brand steek. Hulle probeer die hele dag lank. Daar gebeur niks nie. Elia daarenteen beveel dat die herstelde altaar waarop sy offer was deurnat nat gemaak word. In droogtetyd spaar hulle nie water by hierdie offer nie. Alles is deurdrenk nat. Elia het

gewys hoe relevant is sy God en hoe relevant moet God se kerk nie dan ook wees nie. 1 Konings 18:37-38 bewoord iets van hierdie relevansie. *37 Antwoord my, Here, antwoord my tog dat hierdie volk kan besef dat U, Here, God is, en dat dit U is wat hulle harte weer tot U bekeer." 38 Toe kom daar vuur van die Here af en dit verbrand die offer, die hout, die klippe en die grond. Dit het selfs die water in die sloot opgelek.*

God maak Homself duidelik bekend. Daar is nie plek vir kompromie in jou godsdiens nie. So reguit moet dit gesien en gesê word soos op daardie dag op die Karmelberg. Die Here, Hy is God. Hy alleen is God! Almal moet dit hoor en moet dit weet. Hoe aangrypend het die volk dit op daardie dag nie aangegryp nie. Elia moes werklik deur die relevansie van die gebeure meegevoer word. In die vorige hoofstuk staan dit duidelik hoe aangrypend die volk op die gebeure by Karmel geantwoord het- Vers 39- *Toe die hele volk dit sien, het hulle op hulle knieë geval en uitgeroep: "Die Here is God! Die Here is God!"*

Daar kan niks meer relevant en aktueel wees as om tot so 'n besondere belydenis te kom nie. As die kerk in die mens Elia die aansporing kan wees tot hierdie belydenis dan het die kerk haar werk gedoen. Om mense te bring tot belydenis van hulle sonde, om direk hiermee saam hulle verlossing in Jesus Christus alleen tot uiting te bring, ja om werklik in dankbaarheid op God se werk en God se genade te antwoord, dis waar die relevansie van die Kerk lê. Nie in getalle en allerhande aandoenlikheid wat vir mense mooi moet wees nie, maar doen wat vir God mooi en reg is, dis waar die kerk waarlik kerk is. Dis waar die kerk nooit irrelevant sal raak nie. Maar die kerk het in hierdie gang van kerk-wees en hoogtepunt van gebeure steeds nog 'n geweldige stryd wat daar gestry sal moet word. Dit laat ons ons tweede vraag dan ook vandag vra-

***<u>Wat is die gevolge as daar na 'n relevante kerk gekyk word?</u>***

Hoe meer relevant die kerk is, hoe 'n groter bedreiging is die Kerk vir Satan en vir die wêreld. Na Elia daardie profete laat vermoor het, ja Elia was nog meegevoer in hoe wonderlik God is en hoe wonderlik God werk. Daar kom op die dag van die profete se dood milde reëns na die verskriklike droogte. In die druisende reën het Elia nog voor die koning se wa uitgehardloop, dalk vinniger as wat enigeen nog ooit kon gehardloop het. Daar was soveel rede tot blydskap. Die Woord van die Here het na Israel kon terugkeer en daarom keer die reën ook terug. Dit is wonderlik dit wat Elia kon beleef, ja waarlik niemand sou kon dink dat net in die volgende dae Elia se moed en durf so diep in sy skoene sou sak nie.

Maar dit moet ons weet. Hoe meer die kerk waarlik kerk is wat God van sy Kerk verwag, hoe meer word so ’n kerk in die wêreld se oë ongewild en word as bedreiging beskou.

Presies soos Elia dit ook beleef het. Na die dood van die 850 profete is Isebel boos. Op God se Woord was daar ’n eiesoortige tug toegepas. Daardie afgodiese profete moet dood. Ja, vir ’n oomblik wil dit lyk Agab was nogal ietwat beïndruk in wat gebeur het maar as hy sy vrou hierdie relevante kerk se woorde en werke laat hoor, is sy op die moord uit.

En Elia waar is sy vreugde en sy opgewondenheid nou heen? Die gevolge van as ’n kerk waarlik relevant is, dan bring dit jou by moeilike plekke, jy beleef moeilike tye. Elia kom onder moedverloor se besembos. Dit voel so onregverdig, dit mag dalk voorkom as so ’n groot teenstrydigheid maar laat ons dit goed verstaan. ’n Relevante Kerk sal juis nie ’n gewilde kerk wees nie.

Tog het die mens Elia ook moes besef ek alleen is nie die Kerk nie. Ek is maar deel van ’n baie groter saak, ek is deel van ’n baie groter plan as wat ek ooit kon dink. Ek die moedelose Elia, wat nie eers weet daar is 7000 ander wat nie voor Baäl gebuig het nie. Ek het gedink ek het alleen oorgebly. Ek het nie eers geweet van daardie 100 ander profete van die Here wat Obadja in die droogste van tye hulle vyftig-vyftig in grotte vir die wrede Isebel weggesteek het nie. Ek hier onder die besembos ek sal hier moet uitkom, ek sal nie hier kan sterf nie, al wil ek ook. So moeg, so moedeloos was Elia. Hy wou graag net sterwe ... Hoe moeg, ja hoe moedeloos was ek en jy nie ook al met tye as dit kerklik net swaarder en swaarder gaan nie.

Tog sien ons ook Elia kon nie in eie krag sy roeping hervat nie. Die Here moes hom versterk. Die Here stuur ’n engel en laat hom eet sodat hy deur die krag van die kos, nie loop waar dit weer makliker sal wees nie, maar nog dieper die woestyn in. Hy moes by Horeb uitkom. Ons as kerk, as ons hierdie dinge raaksien dan besef ons alleen die Here in Christus deur sy Gees kan ons laat aanhou om Kerk te wees. Deur die Gees van die Here word ons versterk. In eie krag kan ons niks van hierdie swaar dinge aanpak nie. Die duiwel is net te sterk dat ek dink ek kan hom in eie krag aanvat en oorwin.

As kerk wanneer jy relevant is dan is jy waar Paulus ook was. As ek swak is dan is ek sterk het die Here Paulus meegedeel. Ja, die man met die doring in die vlees moes as ellendige mens dit hoor, God se krag word in ons swakheid volbring. Aan die kruis op Golgota het dit

so gewerk, nooit het God nog anders gewerk nie. Deur ons swakheid werk God. So skryf Paulus ook deur die dwaasheid van die prediking het dit God behaag om mense tot die geloof te bring. Ja, dink aan dit waarmee ons nou besig is. Baie sal sê dis dwaas om so te staan en preek maar hierdie is God se wysheid wat aan die werk is, al noem baie mense dit dalk dwaasheid. Ja, ook as Elia versterk onder daardie besembos kon uitkruip dan moet hy opnuut ontdek Wie God is. Een kant was dit daardie harde optrede teen die afgodiese profete. Hulle is almal gedood.

As God daarna vir Elia versterk die woestyn instuur, dan wys die Here dat Hy nie net in die harde dinge geken word nie, maar ook op ’n stille sagte manier in mense se lewens kan werk en op so ’n wyse in ons lewens teenwoordig is. Die gebeure by Karmel was ingrypend en hard maar as Elia daarna in die harde woestynwêreld van Horeb kom, dan loop hy eintlik op die spore wat sy volk honderde jare voor hom geloop het, net in die teenoorgestelde rigting. Die woestyn waarbinne sy volk 40 jaar rondgeswerf het en nie die beloofde land kon ingaan nie. As Elia buite die grot moet gaan staan want God wil by hom verbybeweeg dan is God nie in die geweldige stormwind nie, God is nie in die aardbewing nie, God is nie in die vuur wat die plek toe getref het nie, ja God was nie in een van daardie kragtige natuurelemente nie. God was wel in die gesuis van die sagte koelte wat Elia kon aanvoel by hom verbygaan. In hierdie stille fluistering kon Elia al God se stem hoor en dit wat Elia daarna moes gaan doen, dit vorm kortliks ons laaste gedagte.

***God wys deur sy sagte teenwoordigheid dat sy kerk op alle terreine altyd relevant sal bly:***

Dit maak nie saak wat ons as mense van die ware Kerk dink of wat ons daarmee wil maak nie, maar God sal altyd sorg dat sy kerk relevant bly. Elia ontvang ’n opdrag wat in drie rigtings werk. ’n Opdrag vir wat in die wêreld moet gebeur, ’n opdrag vir wat in God se koninkryk moet gebeur en ook ’n opdrag wat in die kerk moet gebeur. Die opdrag vir die wêreld is dat Elia moet vir Gasael as koning van Aram salf. ’n Wêreldse koning vir die wêreld buite Israel moes aangewys word. Vir wat in God se koninkryk moet gebeur, ja wat in Israel op daardie stadium moes gebeur, Elia moet vir Jehu, seun van Nimri as koning vir Israel salf. Vir wat in die kerk moes gebeur, Elia moes vir Elisa salf. Elisa moet Elia se opvolger in die kerk van die Here wees.

Hoe relevant werk God. Daar is geen terrein wat God miskyk nie. Die wêreld, die koninkryk, die kerk. In die wêreld is Agab kort na hierdie gebeure deur die Arameërs verslaan. Die ramp wat oor Agab se huis sou kom is deur Gasael uitgevoer. As Elia vir Jehu spesifiek as koning

oor Israel moes salf dan was Jehu weer die oorsaak dat Isebel gesterf het. Gasael dood vir Agab, Jehu dood vir Isebel en haar liggaam is deur die honde opgevreet soos daar oor hierdie goddelose vrou geprofeteer was. Jehu het nog klomp ander Baälpriesters doodgemaak al was hy nie werklik op die einde kind van die Here nie. Die Here het Jehu wel in wat gedoen moes word 'n instrument in sy koninkryk gemaak.

En ons sluit vandag hier af met hoe relevant die kerk sou bly, al sou Elia nie meer op hierdie aarde wees nie. Elia het gedink hy is alleen, ja hiermee saam kon hy dink hoe irrelevant het die kerk nie geword nie. Elia moes dit duidelik raaksien en besef God se werk gaan voort al is hy wat Elia is nie meer daar nie. Jy moet vir Elisa as profeet in jou plek salf. God sal sorg vir die voortgang van sy Kerk. God beskerm bewaar en vermeerder sy Kerk, ja God doen dit, nie ons as mense nie. Hoe getroos mag ons wees om te weet die voorgang van die kerk is nie in die hande van mense nie. Die Here het in Israel 7000 laat oorbly , wat nie die knie voor Baäl gebuig het nie. Elisa kon ook besef die kerk waarbinne God my voortaan gaan gebruik is alreeds 7000 saam met my.

Ons vandag besef ons het ook 'n taak en 'n roeping in die wêreld, in die koninkryk, in die kerk. Al word ons so dikwels moeg en selfs ook moedeloos, laat ons in Christus opstaan en voortgaan, ons hou vas aan sy Woord en beloftes tot die einde toe. Laat ons in die Heilige Gees dit doen, want wie waag om te dink die werk van die Heilige Gees het irrelevant geraak is besig om 'n gevaarlike gedagte te koester. Kan daar iets gevaarliker wees as om te dink God se werk is irrelevant?! Ons is immers mense met baie tekortkominge, baie swakhede, baie sondes, maar ons staan in diens van Hom aan Wie alle mag in die hemel en op die aarde behoort. Ons behoort aan Hom by Wie daar geen sonde, geen swakheid, geen tekortkoming is nie. Wie in diens van Christus bly staan, ja die uiteinde van hulle wat waarlik die Here bly dien, waarlik gehoorsaam is aan die Here se opdrag, so een maak God deel van sy relevante kerk.

AMEN